BEELD, Kuns
13 Feb 2014, p.20

# Loveday boei Mozartfees-gehoor met concerto

**Paul Boekkooi**

**JIMF-afsluitingskonsert**
The Edge, St. Mary's, Waverley

Vir komponiste wat 'n residensie op 'n musiekfees verkry, is dié wyer blootstelling vanselfsprekend 'n enorme voorreg. Dié eer het Claire Loveday vanjaar te beurt geval met die Johannesburgse Internasionale Mozart-Fees (JIMF). Sy het reeds internasionaal roem verwerf.

Met dié afsluitingskonsert is twee onlangs voltooide werke van haar gehoor: *Ribbons* vir viool, klarinet en tjello, asook die wêreldpremière van haar Klavierkonsert met die titel "Three Portraits of Intimacy", geskryf in opdrag van die JIMF en Samro.

*Ribbons* is beskrywend. In haar notas beskryf sy die uitsig van haar huis: "In and out of the frame of my window birds fly in endless patterns, like the rushing, fluttering and undulating movement of ribbons in the wind. This work seeks to capture their constant and unpredictable motion."

Drie musici van die Johannesburgse Feesorkes het in hul vloeiende musikale "trioloog" bykans 'n soort gewiglоosheid gesuggereer binne Loveday se vervlegting van passasiewerk wat spesifieke patrone in klank voor die gees opgeroep het. Veral positief was die onvoorspelbaarheid van haar lynsketse, met meer dramatiese oomblikke waar die trio unisono musiseer, terwyl ander weer delikate, selfs brose teksture weerspieël. 'n Voortstuwende, nuwe ontwikkeling lei die werk na 'n abrupte slot.

Loveday se Klavier-concerto val weer opvallend sterker in 'n beskouend-emosionele en veral intieme konteks, met haar musiektaal knap daarby aangepas.

Benewens die klavier, insigryk deur Florian Uhlig hanteer, bestaan die ensemble uit slegs tien instrumentaliste, met Magda de Vries wat 'n marimba en 'n vibrafoon bespeel het.

Die verwikkelde aard van die partituur het daartoe gelei dat die hulp van die dirigent Gerben Grooten ingeroep is. Dit was moontlik 'n latere besluit, siende sy naam nie in die program genoem of sy deelname nie aangekondig is nie.

Die luisterervaring was boeiend. Loveday orkestreer onkonvensioneel en voeg klanktimbres verrassend saam. Geïnspireer deur foto's van die Colombiaan Juan Orrantia, het elke deel 'n eie identiteitsverbonde sfeer uitgestraal. Die speelse, delikate aard van die eerste "portret" het 'n kaleidoskoop van kleure, melodiese fragmente en ritmiese aksente tussen die instrumente laat rondbaljaar.

Die tweede "portret" is 'n sensitief opgeboude een rondom eensaamheid: 'n ander dimensie van intimiteit. Stadig ontwikkelende akkoordstruktuure word opgebou, flageoletklanke op strykers skep huiweringwekkende effekte.

Loveday ontsluit 'n magiese interne dialoog binne 'n soms ontstellende en andersyds soms heimlik vertroostende klankkonsep.

Uhlig, met sy helder en gedifferensieerde aanslag, het in 'n groot mate "beeldspraak" op sy instrument gehandhaaf – veral teen die einde wanneer aggressiwiteit lei tot toontrosse wat met die voorarm dwarsoor die klawerbord geslaan word. Loveday se sin vir formele opbou en struktuur was nooit onder verdenking nie.

Die uitvoerings van die Hummel- en Poulenc-werke was helaas onder die middelmaat.

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*